menlo-insig

Insig 20/2026 – 13 Augustus 2026


## Liewe Menlo




Wanneer 'n mens stilstaan en na die gebeure van die afgelope paar weke terugkyk, word jou hart met dankbaarheid vervul.

Die uitsonderlike prestasies wat ons SA atlete by die o. 20-wêreldkampioenskap behaal het, het ons skool se naam eer aangedoen. Die Hoërskool Menlopark is saam met Megan, Jaco en Joshua dankbaar vir 'n geleentheid om deel te neem en vir die talent wat hulle ontvang het. Ons hokkiespelers was eweneens indrukwekkend by die Top-12-toernooie met die o. 14A-dogters wat as nasionale kampioenspan gekroon is. Goeie uitslae is nie net tot die sportveld beperk nie — prestasies aan die akademiese en kultuurfront is ook volop.

Ofskoon dit 'n vreugde is om sukses te ervaar, weet ons dat ware uitnemendheid nie aan trofeë of prestasies gemeet word nie, maar aan die karakter en waardes wat ons as Parkies daagliks uitleef. Daarom kan ek nie anders nie as om my opregte dank uit te spreek teenoor elke personeellid, afrigter, BL-lid en Menloparker wat ons skool se naam met eer en trots dra.



Ek rig vandag 'n besondere woord van bemoediging aan ons matrieks. Julle staan op die drumpel van die voorbereidende eksamen — 'n belangrike en veeleisende mylpaal in julle skoolloopbane. Wees verseker dat die hele Menlo-gemeenskap rotsvas agter julle staan. Die fondamente is reeds gelê; vertrou op julle voorbereiding, fokus op die pad vorentoe, en gee julle alles. Ons bid julle die nodige wysheid, kalmte en goeie gesondheid vir hierdie eksamen toe.

Ons nader stadigaan die kwartaal se halfpadkerf. Kom ons hou koers, bly dankbaar vir die seëninge op ons skool, en ondersteun mekaar in alles wat ons aanpak.

*Excelsa Petamus*

KOBUS HARTMAN

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JOHANNES 4:13—14**

"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

**Kommunikasie met personeel**

Ouers is welkom om onderwysers enige tyd per e-pos te kontak.
Maak gerus van die *Communicate with Staff*-funksie op Ed-admin gebruik.

**Menlo-kalender**

Die skool se kalender is op Ed-admin en die webblad beskikbaar.

- Ed-admin fokus op akademie (stel u kalender op Day of week).
- Die webblad fokus op sport– en kultuurgebeure.

Ouers het die opsie om op die kalender in te teken. Die skoolkalender is in verskillende skakels verdeel. Ouers teken slegs op die kalender in wat op hulle kinders van toepassing is. Indien die kalender verander, sal die kalenders op Ed-admin, die webblad en ouers se fone outomaties opdateer.

**Intekenskakels**

- Volg die QR-kode.
- Die skakels is ook via Ed-admin met ouers gedeel (Notifications).

**Ed-admin**

Kode:  599649.
Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

**Gratis studiekursus**

Elke Maandag vir die volgende tien weke.

**Sessie 1:** 17 Augustus 2026

**Tyd:** 14:15—15:00

**Lokaal:** F102

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Drama: Pronk Podium-kompetisie

Volg die **skakel** vir die program.




### Mediasentrum

In Ben en Kalla se matriekjaar keer 'n ou bendeleier terug na Breekwater, wat hul verlede weer oopvlek. Kan hulle hul eie pad kies en uit die spiraal van geweld breek, al moet hulle alles om hulle afbrand? Lees verder om meer uit te vind.

Volg die **skakel** vir die nuutste wintersportuitslae.

### Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

As die volvorm van 'n afkorting los geskryf word van die daaropvolgende woord, bly die afkorting los.

**SA atlete**
(Suid-Afrikaanse atlete)

**NG kerk**
Nederduits Gereformeerde kerk

(Bron: Viva Taalwenk & 2017-AWS: 3.14d)



## Dertigjaarreünie: Menlo verwelkom die Klas van '96

Dit was 'n voorreg om die matrieks van 1996 verlede week op Menlobodem te verwelkom. Staaltjies is gedeel, herinneringe is herleef en die groep was verbaas oor hoeveel — én hoe min — ons skool oor drie dekades verander het.
Welkom tuis!

#menloviraltyd

# AMFI-HOOGTEPUNTE


## GRAAD VAN DIE JAAR: *DRUM OFF*

Die kompetisie om te bepaal watter groep die kroon as Graad van die Jaar sal dra, het verlede week met ’n opwindende *drum off* ten einde geloop. Legendes soos John Bonham, Buddy Rich en Neil Peart kan met reg bekommerd wees, want hulle status as die beste tromspelers ter wêreld is *absolut* in gedrang.

Baie geluk aan die graad 12’s wat as Graad van die Jaar aangewys is. Hoe dan anders?

Volg die **skakel** om die amfi-aksie te beleef.





# PERSONEEL

## MENLO-ONNIE VEREER

Me. Mariana de Klerk is verlede week by die heel eerste Teachers’ Arts Awards-funksie met ’n toekenning vereer. Me. De Klerk het erkenning vir haar onbaatsugtige diens van meer as drie dekades en die betekenisvolle impak wat sy op Skeppende Kunste-onderrig gehad het, ontvang. Haar bydrae word deur die Departement van Basiese Onderwys as ’n baken van uitnemendheid bestempel. Hartlik geluk!

"*Kindly receive the attached invitation to the first ever Teachers’ Arts Awards in recogntion of an extraordinary milestone of over 30 Years of Dedicated Service and profound impact on the development of Creative Arts education. Your enduring commitment to nurture the cultural and artistic talents of South Africa’s youth stands as a beacon of excellence.*"



# AKADEMIE

## GASVRYHEIDSTUDIES: GRAAD 12-PAT

Vanjaar se Gasvryheidstudies-PAT was 'n viering van vaardigheid, smaak en gesonde innovasie. Die uitdaging waarvoor die matrieks gestel was, was om gesonde, plantgebaseerde supervoedsel by hulle spyskaarte te inkorporeer. Daar is van die aspirantsjefs verwag om bestanddele soos sitrus, donker sjokolade, gemmer, borrie, patats, sampioene, neute, bessies en antieke grane (soos quinoa en bulgurkoring) op 'n vernuwende wyse in hul geregte te gebruik. Die eindresultaat? Elke bestanddeel is meesterlik omskep in 'n smaaksensasie.

Baie geluk aan ons voornemende sjefs met hul uitsonderlike werk.






## RESULTS: ENGLISH OLYMPIAD

We would like to take a moment to recognise and celebrate the achievements of our learners who participated in the English Olympiad held on 3 March.

The English Olympiad is an opportunity for learners to challenge themselves beyond the classroom. It requires critical thinking, creativity, language proficiency, and a genuine love for English. Simply choosing to participate demonstrates courage, commitment, and a willingness to grow.

This year, 22 of our learners proudly represented our school in the competition. We are incredibly proud of each and every one of you for your dedication, hard work, and enthusiasm. Your participation reflects the values of perseverance and academic excellence that we strive for as a school.

While we are proud of every participant, we would also like to give special recognition to those learners who achieved silver and gold awards for their outstanding performance.

Congratulations on this wonderful accomplishment. Your hard work and dedication have truly paid off, and you have represented our school with pride.

**Silver**

Annabelle McIntyre, Jesse Naidoo, Jeanne-Marie van Brummelen, Skye Smit, Marco Visser and Wynand Botha.

**Gold**

Corlise Potgieter and Clara Serfontein.






# KULTUUR

## MENLO-REDENAARS PRAAT ATKV-FINAAL AAN DIE BRAND











10 000 inskrywings en 30 uitdunrondes later, het vyf Menlo-sprekers deel uitgemaak van 320 sprekers van reg oor die land wat aan die ATKV se nasionale finaal deelgeneem het. Met sprekers soos hierdie is Suid-Afrika beslis in veilige hande, want hulle skroom nie om hulle menings te deel nie.

Met Faith Mpeiwa se mening dat sosiale media 'n ouderdomsbeperking moet hê, het sy die beoordelaars oortuig en 'n 3de plek in die Afrikaans Addisionele Taal se onvoorbereide afdeling verower. Die feit dat Faith se ouers haar al van jongs af teen sosiale media beskerm, het haar beslis 'n ekspert op hierdie gebied gemaak en kon sy haar mening met gemak lug.

Lana Swamepoel het in haar toespraak gereken dat skole beslis aandag moet skenk aan wie hulle nooi om die jeug van vandag toe te spreek oor sosiale media aangesien dié "kenners" waarskynlik (tong in die kies) steeds Facebook gebruik.

Le Roux van Wyk het op sy spitsvondige wyse die gehoor en beoordelaars oortuig dat verhoudings nie 'n klein saak is nie en dat ons die tendense en norme daarrondom versigtig en met nuanse moet aanpak. Ons kon nie anders as om saam met Rubert Pieters se stelling te stem, dat wanneer vryheid van spraak sterf, humor ook sneuwel nie.

Selferkende motiveringspreker, Milan Visser, het die beoordelaars oortuig dat onderrig nie daaroor gaan om vrae te beantwoord nie, maar om vrae te laat ontstaan en om deure oop te maak na plekke waarvan baie leerders nie eers kan droom nie.

Die ATKV kondig ook die top-15-sprekers in die land aan en ons is trots om vir Le Roux van Wyk met sy 11de plek, Milan Visser met haar 12de plek, Lana Swanepoel met haar 5de plek en Faith Mpeiwa met haar 14de plek in die voorbereide afdeling, geluk te wens. Hierdie is voorwaar prestasies om op trots te wees.

Soos Faith in haar voorbereide toespraak sê: "Ons land se toekoms lê in die jongmense (soos hierdie vyf) se hande wat bereid is om moue op te rol en die goudpot aan die einde van die reënboog te ontgin."












# SPORT

## O. 20-WÊRELDATLETIEKKAMPIOENSKAP

Die Hoërskool Menlopark vier 'n historiese atletiekhoogtepunt na die onlangse o. 20-Wêreldkampioenskap in Oregon, VSA. Drie van ons eie leerders — Megan Nieman, Jaco van Dyk en Joshua Gerber — het Suid-Afrika nie net op die internasionale verhoog verteenwoordig nie, maar al drie het top-10-posisies behaal. Wat hierdie prestasie selfs meer merkwaardig maak, is hulle jong ouderdom teenoor die ouer o. 20-mededingers:

Jaco van Dyk (16) het 'n merkwaardige 3de plek in die gewigstoot verower met 'n afstand van 19,80 m.

Megan Nieman (17) het haar posisie as een van die wêreld se voorste jong atlete in die 400 m-hekkies bevestig. Ten spyte van 'n taai skedule (lopies en semifinale in die 100 m-hekkies en 400 m-hekkies) is Megan die wêreld se negende beste o. 20-atleet in die 400 m-hekkies.

'n Mens kan van 'n atleet niks meer verwag as om 'n persoonlike beste afstand of tyd by 'n belangrike kampioenskap te behaal nie en dit is presies wat Joshua Gerber (17) gedoen het. Hy het die diskus verder as ooit geslinger om die negende posisie te beklink.

Hierdie uitstaande uitslae is die vrug van jare se onvermoeide toewyding, dissipline en uitnemende ondersteuning van ouers en afrigters. Die Menlo-gemeenskap sien saam met Megan, Jaco en Joshua uit na die toekoms en die volgende o. 20-wêreldkampioenskap. #houhierdiespasiedop #menlotrots











## TENNIS: O. 15-PRETORIASKOLETOERNOOI

**Spelers**

Drihan de Klerk, Ulrick Jacobsen, Ethan Oosthuizen, Edrich Smit, Reuben Spies, Erich Esterhuyse & Chris Muller.

**Uitslag**

1. Paul Roos Gimnasium
2. Afrikaanse Hoër Seunskool
3. Grey College
4. **Die Hoërskool Menlopark**
5. Potchefstroom Gimnasium
6. Kearsney College
7. Helpmekaar Kollege
8. Hoërskool Waterkloof
9. Hoërskool Garsfontein
10. St. Benedict's College



# SPORT

## MENLO-HOKKIE SKITTER IN NASIONALE TOERNOOIE













Die Hoërskool Menlopark se hokkiespanne kan terugkyk op 'n buitengewone seisoen waarin hulle teen die land se sterkste skole meegeding en uitstekende uitslae behaal het.

**Top-12**

O. 14A-dogters
Nasionale Top-12-kampioene

O. 18A-dogters
4de

O. 16A-dogters
11de

O. 16A-seuns
12de

**Spesiale toekennings**

Shadri Bosman O. 14
Doelwagter van die toernooi

Mia Buys O. 14
Speler van die toernooi

Lische du Plessis O. 16
Doelwagter van die toernooi

Annika Kloppers O. 18
Doelwagter van die toernooi

**Noordvaal A**

O. 15A-dogters
2de

O. 14A-seuns
6de

**Menlo se eerste toernooi vir o. 18A-seunspanne**

Die Hoërskool Menlopark tree as wenners uit die stryd.

**Nasionale verteenwoordiging**

Annika Kloppers
O. 18A

Monique Gerber
O. 16A

Annika sal by die o. 20-IPT in Gqeberha in aksie wees, terwyl Monique vir die SA span teen Zimbabwe sal uitdraf.

Baie geluk aan al die hokkiespanne en hulle afrigters met 'n seisoen wat getuig van buitengewone talent, dissipline en gees!

# SPORT

## MENLO-RUITERS IN STREEKSPANNE

Die volgende ruiters is gekies vir die Sanesa-Tshwane-span se streeksfinaal. Hierdie ruiters verteenwoordig Menlopark in verskeie van die kernligadissiplines, naamlik Dressage, Equitation, Prix Caprilli, Performance Riding, Showing, Working Hunter, Working Riding en Show Jumping.

Hartlik geluk aan elke ruiter met hierdie welverdiende prestasie!

| | | | |
|---|---|---|---|
| Anabell Burger | Annabelle Botha | Desré van der Merwe | |
| Jessi Strydom | Kaeley Smith | Leilanie Potgieter | Lisa Fouché |
| Marianne van de Vyver | Micaela Cloete | Miela Diamond-van Jaarsveld | Nicola Nortje |








Ons deel graag die name van ruiters wat Gauteng-Noord-kleure verwerf het:



Anabelle Botha



Anabell Burger



Jessi Strydom



Kaeley Smith



Leilanie Potgieter



Miela Diamond-van Jaarsveld

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**Is jy 'n Parkie-entrepreneur?**

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.

# MENLOVARIA

Die Hoërskool Menlopark — Excelsa Petamus

**Ons kultuur. Ons talent. Ons trots.**

## Maandag 24 Augustus

Koekbak
Drama
Skryfkuns
Foto's

Restaurant
Blou Teater
A1
A103

## Dinsdag 25 Augustus

Drama
Grimering

Blou Teater
Menloplein

## Woensdag 26 Augustus

Ligte musiek
Klassieke musiek

Ouditorium
Musieklokaal

## Donderdag 27 Augustus

Bands
Klassieke musiek
Dans

Amfiteater
Musieklokaal
Saal

## Vrydag 28 Augustus

Rokkies
Duitse Huisies
Harevleg
Kuns
Potjiekos

Amfiteater
Menloplein (pouse)
Menloplein
Voor die snoepie
Matriekplein en Menloplein

## INSKRYWINGS EN BETALING BY E103


Navrae: me. Vorster, A105

# PARKIE ENTREPRENEURS













# MARKPLEIN


evening
WARDROBE
Your matric farewell dress
is waiting right across the street
Evening Wardrobe has one-of-a-kind matric
farewell gowns ready for you to fit, fall in love with,
and make unforgettable memories in.
Book your appointment today
WWW.BRIDALWARDROBE.CO.ZA
IG: @EVENING_WARDROBE


MASTER BBQ
Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie
Rousseau 065 742 7285
Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!
FIRELIGHTERS
CHARCOAL
MASTER BBQ


Toyota
Financial Services
NMi
TOYOTA MENLYN
TOYOTA
RAV4
2.5 GX HEV
AUGUST SPECIALS
Make your motoring
Dreams Possible
R724 900
DEALER CONTRIBUTION
R40 200
T's & C's APPLY.
TOYOTA
HILUX
XTRA CAB
2.8 GD-6 RB
RAIDER AT
AUGUST SPECIALS
Make your motoring
Dreams Possible
R672 000
DEALER CONTRIBUTION
R69 400
T's & C's APPLY.
TOYOTA
HILUX
D/C 2.8 GD-6 RB
4X2 SRX AT
AUGUST SPECIALS
Make your motoring
Dreams Possible
R594 900
DEALER CONTRIBUTION
R57 260
T's & C's APPLY.
CONTACT
COLETTE NEL
082 821 4252
012 995 1755
colette.nel@nmi.co.za
NMI Toyota Menlyn


INTERNATIONAL
HOTEL SCHOOL
Sluit aan
By meer as 30 000 suksesvol aangestelde gegradueerdes
Studeer gasvryheidsbestuur, kulinêre kuns of kruisvaartdienste.
Voltydse, deeltydse of aanlyn graad-, diploma- en hoër
sertifikaatprogramme beskikbaar.
Opedag
BESPREEK NOU
SKANDEER NOU
Gradueer werkgereed; ons programme bied ongeëwenaarde praktiese werkservaring.
30 YEARS
Meer as 30 jaar gevestig, wat jou die beste reputasievoorsprong bied.
Ons bied nasionaal geregistreerde en internasionaal erkende kwalifikasies aan.
www.hotelschool.co.za
Benoni | Kaapstad | Durban | Gqeberha | Johannesburg | Pretoria | Wesrand